The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

BEELD **2014/11/17** **Page: 17**

AVE: R 6305.97

‘Ester’ bring SA realiteit tuis

Fiksie



’n Huis vir Ester
Carol Campbell
UMUZI, R162

Hierdie is Carol Campbell se tweede roman. Haar vorige boek, *Karretjiemense*, is in 2013 baie goed ontvang.

Albei boeke is oorspronklik in Engels geskryf en albei is puik deur Kirby van der Merwe in onopgesmukte Afrikaans vertaal.

Die storie draai om Ester Gelderblom wat in ’n hok woon in “oom Krisjan” se jaart.

Haar en haar vriend Katjie se name is al meer as 20 jaar op die behuisingslys, maar daar is nog geen sprake van ’n huis nie.

Korrupte amptenare manipuleer die lys en gee voorkeur aan diegene wat hulle omkoop met geld of seksuele gunste.

Toe Katjie se hok een koue wintersnag afbrand, besluit Ester genoeg is genoeg en die twee van hulle trek saam met hul gesinne in twee halfklaar munisipale huise in.

Ester sê om ’n huis te kry “verander jou van ’n hond na ’n mens”. (bl. 143)

Om in hokke en selfs in ’n afvoerpype te bly en om geen lopende water en geen elektrisiteit te hê nie is ’n realiteit vir honderde duisende Suid-Afrikaners.

Die meeste lesers sal hulle waarskynlik nie kan indink in so ’n bestaan nie.

Al wat Ester en Katjie wil hê, is net ’n huis met baksteenmure, elektrisiteit, ’n spoeltoilet en ’n kraan – “selfs een enkele kamer is oukei”. (bl. 24)

Dus basiese dinge wat die meeste mense as vanselfsprekend aanvaar.

Campbell probeer om ’n brug te bou tussen die arm mense van die Karoo en hul mede Suid-Afrikaners. En sekerlik is dit wat die meeste mense wil hê – dat die mense van dié land mekaar beter sal verstaan.

Ester se wêreld is een van drankmisbruik, geweld, korrupsie, kinderverwaarlosing en van gewetenlose *shack lords*.

Dis ’n wêreld waar mense van brood, soet koffie en opgekookte kool leef en waar ’n hoenderbraaipak ’n luukse is. ’n Wêreld waar Katjie kinderlik opgewonde oor haar onwettige kragaansluiting sê: “Dis soos toor, mens druk ’n knoppie en dis helder soos daglig.” (bl. 18)

Maar bowenal beskryf dit hierdie mense se desperate pogings om uit die kringloop van armoede te ontsnap. Ester se dogter, Liedjie, is spyt sy het skool gelos. “Wat Liedjie nou wil hê, meer as enigiets, nog meer as ’n huis, is om matriek te slaag.” (bl. 49)

Dis moeilik om die boek neer te sit. Dit lees soos ’n spanningsroman en die leser kan nie wag om uit te vind of Ester haar huis gaan behou en of sy uitgesmyt gaan word nie.

En gaan die korrupte amptenaar en sy seun wegkom – selfs met moord? – ***Elsabé du Toit*** *is ’n bibliotekaresse van Wellington.*